Kroasië
met Slowenië & Venesië
5 tot 17 Julie 2020

Kom saam op ons 13-dae toer na die hoogtepunte van **Kroasië, Slowenië & Venesië**. Die baie spesiale groepstarief beloop **R33 990** per persoon en sluit alle besigtiging en twee goeie etes bykans elke dag in.

Reisplan

Dag 1: Sondag, 5 Julie
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek laatmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg na Europa. Oornag aanboord na aandete.

Dag 2: Maandag, 6 Julie **München → Bled**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in München, Duitsland. Ons vertrek vanaf die lughawe vir 'n kort besigtiging van hierdie mooi stad in Bavaria. Om 13:00 vertrek ons en reis suidwaarts deur Bavaria en Wes-Oostenryk na Slowenië. Vroegaand arriveer ons in **Bled**, 'n prentjiemooi dorpie geleë teen 'n meer, aan die voet van die *Julian Alpe* in Slowenië. Ons bly die volgende twee nagte oor in die sentraalgeleë ***Astoria Hotel.*** Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 3: Dinsdag, 7 Julie **Bled → Ljubljana → Bled**
Na ontbyt vertrek ons bus na Slowenië se hoofstad, **Ljubljana.** Ons ontmoet ons plaaslike toergids, wat ons na al die hoogtepunte van hierdie mooi stad, onder andere die *Ljubljana Kasteel* van die dertiende eeu, neem. Ons ry met 'n tandrat-trein na die kasteel (toegangsfooi ingesluit).
Ons reis saam met ons gids terug na Bled en besoek die kasteel van Bled, wat dateer uit die elfde eeu. Daarna vaar ons op tradisionele bootjies, *Pletna's*, na 'n klein eiland in die middel van die meer, waar ons die Kerk van *St Mary of the Lake* besoek (toegangsfooie ingesluit). Dit is een van die hoogtepunte van ons toer! Ons het die res van die middag vry om hierdie sprokies-dorp verder te verken. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 4: Woensdag, 8 Julie **Bled → Zagreb → Plitvice**
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons sak en pak na Kroasië. Ons ontmoet ons plaaslike gids vir besigtiging van Zagreb, Kroasië se hoofstad. Sien onder andere die imponerende Katedraal en St Markus Kerk. Laatoggend vertrek ons per bus na die **Plitvice Nasionale Park**, geleë in sentrale Kroasië. Nog 'n hoogtepunt van ons toer is om die manjifieke sestien kristal-helder mere, verbind deur talle watervalle, te beleef. Ingesluit by ons toegang is 'n bootvaart op een van die groot mere. Aandete en oornag in die ***Hotel Jezero*** in die Plitvice Nasionale Park.

Vaar met 'n Pletna op Bled-meer!

Die skilderagtige Plitvice-watervalle

Dag 5: Donderdag, 9 Julie **Plitvice → Trogir**
Na 'n vroeë wandeling na die watervalle en ontbyt, reis ons suidwaarts deur die mooi landskap na die bekoorlike middeleeuse dorp **Trogir**, digby Split. Volgens legendes bestaan hierdie dorp al langer as 2 300 jaar! Geen voertuie word in die middedorp toegelaat nie en dit is 'n belewenis om daar rond te stap. Aandete en oornag in die ***Trogir Palace Hotel***.

Dag 6: Vrydag, 10 Julie **Trogir → Split → Dubrovnik**
Na ontbyt vertrek ons per bus na Split vir ons besigtigingstoer van hierdie hawestad. Ons ontmoet ons plaaslike gids en besoek onder andere die fassinerende paleis van Diocletius. Maak seker dat jy van Kroasië se watertand-roomyse in Split proe!
Laatoggend vertrek ons met die pragtige kus-roete verder suidwaarts na **Dubrovnik**. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Adria Hotel***. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 7: Saterdag, 11 Julie **Dubrovnik → Cavtat → Dubrovnik**
Na ontbyt besoek ons Dubrovnik se indrukwekkende ou stad. Die stad is basies onveranderd vanaf die dertiende eeu – vol van pragtige kerke en paleise. Na 'n besigtigingstoer van drie ure saam met 'n plaaslike gids, het ons vrye tyd om die stad verder te verken. Vir die fikses is daar kans om op die ou stadsmure reg rondom die stad te stap vir 'n onvergeetlike ervaring. Daar is ook 'n kabelkar-rit beskikbaar vir 'n mooi uitsig oor Dubrovnik se ou stad.
Na ons besigtigingstoer en vrye tyd vertrek ons met 'n privaat boot na die pragtige hawedorp **Cavtat**. Die vaart van sowat 15km verby verskeie eilande is 'n besondere ervaring. Na vrye tyd by Cavtat keer ons weer per boot terug na Dubrovnik. Vir diegene wat in die Mediterreense see wil swem, is daar 'n mooi strand net langs die ou stad! Die seewater in Kroasië is kristal-helder. Aandete in ons hotel.

Dag 8: Sondag, 12 Julie **Dubrovnik → Zadar**
Na ontbyt reis ons per bus noordwaarts na die mooi kusdorp **Zadar.** Laatmiddag besoek ons die ou stad van Zadar wat naby ons hotel geleë is. Ons bly vanaand oor in die sentraalgeleë, vier-ster, ***Kolovare Hotel***, geleë by een van Zadar se mooiste en gewildste strande. Aandete is om 19:00 in ons hotel.

Adria Hotel, Dubrovnik

Piran, Slowenië

Dag 9: Maandag, 13 Julie **Zadar → Piran**
Na ontbyt moet ons Zadar groet en ons reis verder noordwaarts al langs die kus en gaan weer die grens tussen Kroasië en Slowenië oor. Ons bly oor in die ***Piran Hotel*** in die pragtige Sloweense kusdorp, **Piran**. Daar is tyd vir besigtiging van die ou stad of om te gaan swem in die helder-blou see! Aandete in ons hotel om 19:00.

Dag 10: Dinsdag, 14 Julie **Piran → Triëst → Venesië →**
Vanoggend moet ons Slowenië groet. Na ontbyt vertrek ons deur die mooi landskap na die grens met Italië op pad na Venesië. Ons stop vir koffie in die mooi Italiaanse kusdorp **Triëst.** Die *Piazza dell' Unita d'Italia* laat 'n mens dink aan die San Marco-plein in Venesië. Daar is straatkafee's om van te kies en te keur! Triëst is ongeveer 160 km oos van Venesië geleë.
Ons bus laai ons by die lughawe af in Venesië af, vanwaar ons met 'n Vaporetto-waterboot na ons sentrale hotel naby San Marco vaar. Ons ontmoet ons 16:00 vir 'n oriënteringstap van hierdie juweel van 'n stad wat op water gebou is.

Dag 11: Woensdag, 15 Julie **Venesië**
Na ontbyt is daar tyd om al die hoogtepunte van Venesië, wat meer as 1 500 jaar oud is, te beleef. Sien verseker die *Piazza San Marco* met sy bekende *Basilica*, asook die Rialto-brug. Verken gerus die interessante straatjies op jou eie.

Dag 12: Donderdag, 16 Julie **Venesië →**
Dit is ons laaste oggend in Italië! Na ontbyt en vrye tyd in Venesië moet ons sak en pak vertrek. Ons vaar weer met 'n Vaporetto-waterboot vanaf ons hotel na die lughawe, vanwaar ons vlug vertrek na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

Dag 13: Vrydag, 17 Julie **→ Johannesburg/Kaapstad**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n wonderlike belewenis in ***Europa*** land ons in Johannesburg en Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:
- Internasionale vlugte in die ekonomiese klas (lughawebelastings en brandstofheffings ingesluit) vanaf Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R950 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- Luukse busvervoer deurentyd, asook 'n retoer bootrit tusen Dubrovnik en Cavtat.

- Verblyf in die volgende uitgesoekte drie- en vier-ster hotelle:
  - Twee nagte in die ***Astoria Hotel***, Bled [www.hotelastoria-bled.com]
  - Een nag in die ***Jezero Hotel***, Plitvice [www.np-plitvicka-jezera.hr]
  - Een nag in die ***Hotel Trogir Palace***, Trogir [https://hotel-palace.net]]
  - Twee nagte in die ***Adria Hotel***, Dubrovnik [www.hotel-adria-dubrovnik.com]
  - Een nag in die ***Kolovare Hotel***, Zadar [www.hotel-kolovare.com]
  - Een nag in die ***Hotel Piran***, Piran [www.hotel-piran.si]
  - Twee nagte in Venesië (hotel sal later bevestig word)
- Volle ontbyt en aandete elke dag, behalwe die twee dae in Venesië net ontbyt.
- Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- Die dienste van plaaslike Engelsprekende toergidse in Bled, Ljubljana, Zagreb, Plitvice, Split en Dubrovnik.
- 'n Retoer Vaporetto-waterboot kaartjie tussen Venesië-lughawe en San Marco.
- Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R33 990** is gebaseer op landreëlingskostes in Mei 2019 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Die reisplan is spesiaal so beplan dat dit nie nodig is vir 'n Kroasiese visum nie ~ elkeen het net 'n geldige *multiple* Schengen-visum nodig vir die toer.
- Visumkoste van ongeveer **R1 400** vir 'n Schengen-visum is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met die aansoekvorms en stawende dokumente vir elke toerlid.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R6 980**.
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 38 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R5 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 28 Februarie 2020** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en pos dit (met die deposito, uitgemaak aan *Van Dyk Groepstoere*) aan: ***Van Dyk Groepstoere***, Posbus 788, Mosselbaai, 6500
Die besprekingsvorm en deposito-betalingsbewys kan ook per e-pos gestuur word aan info@vandyktours.co.za
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende spaarrekening by
Nedbank: 253 657 4369 Tak: *George Garden Route Mall* Takkode: 153 614 / 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Groepstoere* Tipe rekening: Spaar Verwysing: KROASIË/ en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel/Faks nr: 044 696 6484 *Sel nr:* 082 767 8400 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995